



Animal Demography Unit
Departement Biologiese Wetenskappe
Universiteit van Kaapstad
Rondebosch 7701
Tel: (021) 650-2423
Faks (021) 650-3301
E-pos: car@adu.org.za
www.adu.org.za



COORDINATED AVIFAUNAL ROADCOUNTS (CAR)

INLIGTINGSBLAD 1

HOE OM TE TEL

JUNIE 2013

Hierdie inligtingsblad dien regdeur Suid-Afrika as gids vir “CAR”-tellings. Klein verskille, veral met betrekking tot soorte voëls wat getel moet word, mag in sommige streke van toepassing wees. Die handhawing van ’n topsnelheid van 50 km/uur en die stilhougeleenthede elke 2 km is belangrike aspekte van die metodiek waarby gehou moet word om te verseker dat betroubare statistiese vergelykings tussen tellings en tussen streke gemaak kan word. Tellings vind op die laaste Saterdag in Januarie en die laaste Saterdag in Julie plaas.

ROETE EN AANVANGSTYD

1. Die roete wat aan jou toegewys is, is aangedui op die roetekaart wat jy ontvang het. Raak voor die tyd vertrouwd met die roete soos gekarteer en beskryf. Neem gerus ’n padkaart saam indien jy moontlik mag verdwaal. Dit is belangrik om altyd in dieselfde rigting te ry tydens tellings sodat die linker- en regterkant van die pad dieselfde bly van telling tot telling. Begin en eindig die tellings altyd op presies dieselfde plekke sodat die afstande akkuraat gemeet kan word.
2. Sorg dat jy ’n uur of twee na sonsopkoms by jou beginpunt aankom wat sal verseker dat kraanvoëls reeds van hulle gemeenskaplike slaapplekke in die omgewing versprei het.

WAT OM SAAM TE NEEM

’n Verkyker, ’n teleskoop (indien beskikbaar), pen of potlood, hierdie inligtingsblad, Inligtingsblad No. 4, jou padkaart, die toepaslike nuusbrief, die “CAR”-datavorm; boeke vir identifikasie van voëls, ’n hoed, ’n kospakkie en ’n fles koffie of koelhouer met koeldranke word aanbeveel.

WAT OM TE DOEN IN GEVAL VAN SLEGTE WEER

1. Indien dit mistig is of dit reën en die sig is swak, wag totdat die toestande verbeter voordat jy voortgaan met die telling.
2. Indien die slegte weer nie opklaar nie, stel die telling uit tot die volgende dag indien moontlik. Indien jy egter ver moes ry en dit nie moontlik is om die volgende dag te tel nie, gaan dan voort met die telling.
3. Indien jy om enige rede nie die telling kon uitvoer nie, rapporteer dit asseblief so gou as moontlik aan die Gebiedsorganiseerder en doen die telling op die eersvolgende moontlike dag.
4. Indien die telling in ’n gebied afgelas word, kan dit vir ’n later datum herskeduleer word. Dit is belangrik dat al die roetes in ’n gebied op dieselfde dag getel word indien enigsins moontlik.

OM AAN DIE GANG TE KOM

1. Vul die besonderhede bo-aan die CAR-vorm in wanneer jy by die beginpunt aankom ten opsigte van die weerstoestande, die lesing van die ritmeter van die voertuig (stel indien moontlik die ritmeter op 0), asook hoe laat dit is. Omkring een keuse vir die weerstoestande wat verteenwoordigend vir die grootste deel van die telling is, aangesien slegs een keuse gemaak kan word. Vul ook jou ADU-nommer en die adres vir jou e-pos in.
2. Ry stadig (maksimum 50 km/uur) en kyk aan beide kante van die pad uit vir kraanvoëls, groot poue, korhane, ooievaars, ander groot grondlewende voëls, asook roofvoëls en kraaie.
3. Hou vir ’n oomblik stil wanneer ’n voël van enige van die soorte wat getel moet word, waargeneem word en vul die “CAR”-vorm in soos verduidelik in Inligtingsblad No. 4.
4. Hou elke 2 km (soos afgelees op die ritmeter) stil. Klim uit die motor en kyk met die verkyker in alle rigtings vir voëls wat getel moet word. Teleskope mag slegs gebruik word om identifikasie van voëls te bevestig en nie om voëls op te spoor nie aangesien dit ’n wysiging van die tegniek sal wees. Jy kan stilhou voordat die volle 2 km afgelê is indien daar ’n goeie uitkykpunt is. Moet asseblief nie verder as 2 km ry sonder om stil te hou nie, tensy dit onveilig is om daar stil te hou. As dit onveilig is of die uitsig by ’n stilhouplek swak is, ry ’n klein entjie verder tot waar dit veilig is of die uitsig beter is. Vul by elke 2-km stilhouplek die nodige inligting op die “CAR”-vorm in, tensy daar geen voëls is nie. Hou die stilhouperiodes so kort as moontlik omdat jy nog ’n aansienlike afstand het om af te lê.
5. Indien die roete soos op die kaart aangedui, vereis dat jy moet teruggaan op ’n pad waarop jy alreeds getel het, doen dit teen ’n normale snelheid en moenie enige voëls wat gesien word, aanteken nie. Hervat die telling sodra die aangewese punt waar die telling moet voortgaan, bereik is. Onthou om die kilometerlesing aan die begin en einde van enige terugroetes of ompaaie aan te teken. In die geval van noodgedwonge wysiging van die roete, bv. as gevolg van ’n hek wat gesluit is of ’n brug wat oorstroom is, dui dit duidelik op die “CAR”-vorm aan. Indien die roete nie voltooi kon word nie, dui die teltoestande as ‘swak’ aan en die rede as ‘onvoltooide roete’.

VOËLSOORTE WAT GETEL MOET WORD

Die soorte wat getel moet word, is aangedui in die lys onderaan die “CAR”-vorm. Neem kennis dat ses roofvoëlsoorte en drie kraaisoorte ingesluit word in die “CAR”-telling. Raadpleeg ook die streekafdeling van die nuusbrief om vas te stel of daar enige

addisionele soorte is wat in die streek getel moet word. Onthou dat **korhane getel en noteer moet word beide wanneer hulle gesien en wanneer hulle gehoor word**. Alle ander soorte word noteer **slegs** wanneer hulle gesien word.

Korhane

Korhane (d.i. slegs die klein pousoorte en nie die drie groot soorte nie) moet getel word **beide wanneer hulle gesien en wanneer hulle gehoor word**. 'n Roep wat uit 'n bepaalde rigting gehoor word, moet as 'n **enkele** individu getel word. Geen moeite moet gedoen word om korhane wat roep op te spoor nie. **L.W.: HIERDIE METODE VAN NOTERING GELD SLEGS VIR KORHANE.**

Dit is voor die hand liggend dat jy moet probeer om die roepe van die verskillende korhaansoorte in jou gebied te leer ken. Wees ook baie versigtig met die identifisering van soorte op grond van hulle roep of visuele kenmerke waar beide die Witvlerk-korhaan en Swartvlerkkorhaan voorkom (d.i. dele van Oos Kaap) en waar beide die Blou- en Vaalkorhane voorkom (d.i. dele van die Vrystaat).

Onthou dat die Witvlerkkorhaan, ook bekend as die Witvlerk-swartkorhaan, nou as 'n afsonderlike soort beskou word. As jou telroete in die Vrystaat of Karoo geleë is, is wat die ouer veldgidse as 'Swartkorhaan' aandui, in werklikheid die 'Witvlerkkorhaan'.

Voëlsoorte buite hulle verspreidingsgebied

Indien jy voëlsoorte waarneem wat buite hulle bekende verspreidingsgebied is, bv. 'n Gompou in die Overberg of 'n Veldpou in die Karoo, verskaf asseblief genoeg addisionele inligting oor jou waarneming in die "Notas"-afdeling wat dit moontlik sal maak om te bevestig dat die soort korrek uitgeken is. Indien moontlik, is 'n foto baie nuttig. Aanvaar asseblief dat dokumentering en bevestiging in sulke gevalle essensiële is omdat beduidende veranderinge van die bekende verspreidingsgebied van soorte, veral in die geval van bedreigde soorte, besondere wetenskaplike en bewaringswaarde het. Dit is veral belangrik vir soorte wat maklik verwar kan word soos die Veldpou en Ludwigs Pou, en die Swartvlerkkorhaan en Witvlerkkorhaan, waarvan die verspreidingsgebied in sommige dele oorvleuel.

Heel-linkerkantse, donkerder gekleurde kolom en km-lesings

Die km-lesings maak dit moontlik om die presiese ligging van belangrike waarnemings te kan bepaal en moet derhalwe die afstand wat op die roete afgelê is, akkuraat weerspieël. (Let daarop dat terugroetes en ompaaie nie deel van die roete uitmaak nie). Indien die ritmeter van die voertuig nie na 0 gestel kan word nie, gebruik asseblief die heel linkerkantse, donkerder gekleurde kolom om die afstandmeterlesings in te vul. Die gekorrigeerde km-lesings wat by 0 begin kan dan later bereken word en in die tweede (wit) kolom ingevul word. Indien jy enige onverwagte ompaaie of terugroetes moes ry, moet die heel linkerkantse kolom ook gebruik word vir die berekeninge om die daaropvolgende korrekte km-lesings te bereken. Die heel linkerkantse donkerder gekleurde kolom word dus gebruik vir "rofwerk" of berekening van die korrekte km-lesing wat in die tweede kolom ingevul word en wat vir die vaslegging van die data gebruik word. Een manier om terugroetes of ompaaie te noteer word hieronder aangedui.

ALLE SPESIES								SLEGS KRAANVOËLS, 3 GROOT POUE, SBK, ROOFVOËLS & KRAAIE	
Gebruik hierdie kolom vir berekening	km	Spesies	Aantal			Habitat ²	Tersaaklike eienskappe naby ³	Kant van pad	Aktiwiteit ⁴ sien onder
	Begin by nul	Gebruik die afkortings*	Ouderdomsklasse ¹			Gebruik afkortings (sien onder)		R of L	
			Volw.	Onvolw.	Kuiken				
	6.1	BC	5			weiding	voerplek	L	voed
	12.3	BHH	1	1		vleiland		R	
15.5		begin herhaalde seksie			} =	10 km			
25.5		einde herhaalde seksie							
32.1-10	22.1	LB	1			veld		L	onaktief
36-10	26	SG	10		2	vleiland		L	
39.1-10	29.1	BC	2	2		graan - koring	skape	R	voed

INVUL VAN DIE PADTELLINGVORM

Verwys asseblief na **Inligtingsblad No. 4** vir verdere instruksies oor die telling en oor die invul en voltooiing van die vorm.

Evaluering van die omstandighede tydens die telling

Dit is nuttig om 'n evaluering te hê van die toestande tydens 'n telling. Evalueer asseblief die toestande as **goed, bevredigend** of **swak**. Indien die sigbaarheid goed was en daar geen probleme was om die roete te voltooi nie, word dit aangedui as 'goed'. Indien die gras relatief lank was, maar jy dink dat die meeste van die voëls sigbaar was, word dit aangedui as 'bevredigend'. As die gras egter baie lank was of die sigbaarheid as gevolg van mis swak was, of as jy nie die roete kon voltooi nie as gevolg van 'n onbegaanbare pad, dui dit aan as 'swak'. Beskryf asseblief ook kortliks die probleme wat ondervind is. Onthou dat die evaluering slegs verwys na die toestande wat die telling beïnvloed het, soos swak sig, en **nie** of daar teleurstellend min voëls gesien is nie.

Probeer sorg dat daar ten minste twee persone, maar verkieslik drie of meer in die voertuig is, aangesien daar nou meer soorte is wat getel moet word.

Baie belangrik, **GENIET DIE UITSTAPPIE!**

Donella Young



Gauteng
Department
of Agriculture,
and Rural
Development



the detea
the department of economic
development, tourism and
environmental affairs
FREE STATE PROVINCE